

TERUGVOERVORM VIR KONSULTASIEPROSES OOR KERKHERENIGING

Naam van gemeente:BARKLY-OOS..... Sinode: *NG Kerk in Oos-Kaapland*

Belangrik

1. Hierdie vorm word gebruik vir die terugvoering van groepgesprekke in die gemeente. 'n Kopie van die vorm word ook gebruik vir die opsomming van die gemeente se insette en kommentaar.
2. Baie belangrik: By die gemeente se opsommende vorm moet alle "rou data", maw die skriftelike terugvoering wat gekry is van al die gesprekke in die gemeente, aangeheg word.
3. Die gemeente se opsomming met die aangehegte rou data moet nie later as 31 Oktober 2007 by die sinodale kantoor wees nie. **Stuur dit aan:** Skriba SK, NGK Oos-Kaapland, Posbus 34842, NEWTONPARK PE, 6055.
4. Volledige bronne oor kerkhereniging is beskikbaar by www.ngkok.co.za/eenheid. Dit sluit **hierdie terugvoervorm** en die meegaande boekie, **Konsultasie oor Kerkhereniging**, in.

A. Die gesprekke self

1. Hoe wyd is in die gemeente gesprek gevoer en kommentaar gevra oor die vier voorstelle
[Merk al die blokkies wat van toepassing is]

- Kerkraad
- Wyke
- Kleingroepe
- Lidmate: byeenkoms
- Lidmate: individueel
- Ander:

2. Is met die oog op die gesprekke sowel die Belharbelydenis as Begeleidende Brief aan lidmate beskikbaar gestel om te lees?

- Ja
- Nee

B. Gesprekke oor die Konfessionele Basis

Wat is die kommentaar en terugvoering wat die gemeente gegee het oor die Konfessionele Basis van 'n nuwe kerkverband?
Mening oor die voorstel?

Alhoewel daar vrae oor Belhar bestaan by baie lidmate, is die gemeente tevrede met die huidige konsensus.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Niks

Nuwe/ ander voorstelle?

Geen

C. Die Model

Wat is die insette uit die gemeente oor die voorgestelde model?

Mening oor die voorstel?

Uiteenlopende menings bestaan in die gemeente.

'n Groep lidmate voel baie sterk dat daar nie 'n gesamentlike Algemene Sinode gevorm moet word nie.

Die politiek-sosiale omgewing is nie gunstig daarvoor nie en die gevaar van nuwe kerkskeuring is te groot. Almal is dit eens dat kulturele eiendomlikheid van gemeentes uiters sensitief benader moet word sodat niemand in hulle eie gemeentes ontuis begin raak nie.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Die Nuwe Kerkorde moet duidelike orde reëlings bevat wat Ringe en Sinodes verhinder om in te meng met die kultuur en huishoudelike aangeleenthede van gemeentes.

Nuwe/ ander voorstelle?

Geen

D. Gesamentlike projekte

Watter bydraes is daar in die gemeentegesprekke gelewer oor die voorstelle vir gesamentlike projekte?

Mening oor die voorstel?

Die gemeente en kerkraad is positief daaroor.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Niks

Nuwe/ ander voorstelle?

Niks

E. Versoeningsprosesse

Die voorstelle oor versoening handel veral oor die konflikte in gemeentes van die NGKA en die VGKSA. Dit raak egter ook die NG Kerk:

Mening oor die voorstel?

Aangesien daar geen konflik in ons omgewing is nie, voel ons dat ons ook geen kommentaar wil lewer nie.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Niks

Nuwe/ ander voorstelle?

F. Moontlike naam van 'n nuwe kerkverband

Indien daar in die gesprekke spesifieke menings of voorstelle ten opsigte van 'n naam vir die nuwe kerkverband na vore gekom het, gee dit asseblief hieronder weer:

.....
Geen besluit geneem.
.....
.....

Indien daar inligting is wat nie in die gegewe blokkie kon inpas nie, of ander sake wat u sou wou noem, kan u dit aan hierdie vorm heg.

Oorspronklike vorm met bylae word gepos.

Baie dankie vir u deelname en aandeel!!

Stuur hierdie vorm voor 31 Oktober 2007 aan: Skriba SK, NGK Oos-Kaapland, Posbus 34842, NEWTONPARK PE, 6055